

# Vernaamste wysigings

---

## 1. Motivering: hoekom die Studente-unie Grondwet hersien?

Die Studenteraad (SR) het verskeie teenstrydighede en tekortkominge in die Studente-unie Grondwet (SUG) geïdentifiseer. Verder is die dokument oor die algemeen verouderd, moeilik om te lees en in baie gevalle onduidelik. Dus het die SR besluit om 'n onafhanklike proses van stapel stuur om die SUG volledig te hersien.

Só 'n proses bied egter die geleentheid om meer te bereik as om net foute reg te stel. Dit is ook 'n geleentheid vir studente om beleid daar te stel wat relevant en bruikbaar is, en wat wesenlik tot ons voordeel strek. Onder andere kan dit 'n meer effektiewe, relevante en verantwoordbare verteenwoordigingstruktuur verseker. Die proses is nou byna voltooi, en daar word gehoop dat dit duidelik uit die nuwe dokument blyk dat 'n groot aantal van hierdie doelwitte bereik sal word as die nuwe Grondwet aanvaar word.

## 2. Proses

Die Studenteraad het die taak om die SUG te hersien aan Innes Barnardt, Voorsitter van die SR se Beleidsenheid, toegewys. Hy het in 2010 reeds 'n onafhanklike taakspan saamgestel om na die dokument te kyk en breë voorstelle vir wysigings gemaak. In Maart 2011 is 'n hersieningskomitee, bestaande uit ander studente (maar geen SR-lede nie) en 'n professor in die Staatsreg, saamgestel om 'n eerste konsep saam te stel na aanleiding van die oorspronklike wysigingsvoorstelle en insette van studente.

'n Derde span, bestaande uit 'n dosent in Besluitneming en Waardestudie (en 'n oud-SR-voorsiiter), 'n Professor in die Administratiefreg (ook 'n oud SR-lid) en Innes het in Junie bymekaargekom om uit 'n tegniese oogpunt na die dokument te kyk en ook om enige addisionele voorstelle by te werk in 'n tweede konsep. Verskeie insette, van studente en universiteitsbestuur, is vir doeleindes van die tweede konsep ontvang en sover moontlik geïnkorporeer, en die tweede konsep is teen 12 Julie gefinaliseer en beskikbaar gestel. Verdere besonderhede oor die konsultasieproses is by <http://blogs.sun.ac.za/sug> beskikbaar.

Indien die nuwe Studentegrondwet in die referendum ingestem word, sal dit in September 2012 van krag word.

## 3. Doel van hierdie dokument

Hierdie dokument vervat die beskrywing van en motivering vir die vernaamste wysigings wat aan die dokument gemaak is, en is nie bedoel om as 'n volledige uiteensetting van al die wysigings te dien nie. Dit moet saam met die dokument geraadpleeg word om sodoende 'n geheelbeeld te kry van die wysigings wat aangebring is.

**Voorrede** Die voorrede is vereenvoudig. Die konsensus was dat die lang lys waardes in die voorrede van die SUG nie waarlik enigiets tot die dokument bydra nie. Die Handves van Studenteregte is ook 'n meer kragtige meganisme om daardie waardes te verskans. Die voorrede bevat steeds 'n erkenning van studente se verantwoordelikheid om aan die demokratiese strukture wat hierdie Grondwet daarstel, deel te neem.

**Naam (hoofstuk 1)** Die dokument sal voortaan bekendstaan as die "Studentegrondwet" (SG). Eerstens is dit is meer toeganklik, omdat baie min studente weet waarna die "studente-unie" verwys en die begrip eintlik al in onbruik verval het. Daar is steeds 'n subartikel wat bepaal dat enige ander dokumente wat na die Studente-unie Grondwet verwys, na hierdie dokument verwys.

**Handves van Studenteregte (hoofstuk 2)** 'n Basiese Handves van Studenteregte is bygevoeg. Die doel met die Handves is om die SG meer bruikbaar en 'n kragtiger dokument vir gewone studente te maak. Verder gee dit struktuur aan die res van die Grondwet. Dit lê ook die verantwoordelikheid op studente-leierskapstrukture om hierdie regte te beskerm en bevorder, en skep dus tot 'n mate 'n grondwetlike mandaat vir studente-leierskapstrukture aan die Universiteit. Die Handves is onderhewig aan universiteitsregulasies, en baie van die regte wat daarin verskans is, is in lyn met die Universiteit se waardes soos wat dit in verskeie strategiese beleidsdokumente vervat is.

**Samestelling van die Studenteraad (artikel 19)** Ná 'n lang konsultasieproses met die Studenteraad en 'n oudit van die Studenteraad se verteenwoordigingsverantwoordelikhede, is die aantal SR-lede aangepas van 16 tot 15. Dit is in lyn met die oorspronklike voorgestelde wysigings waarin bevind is dat 'n kleiner SR meer soepel sal wees en meer effektief op kwessies sal kan reageer. Dit is ook in lyn met die idee dat die SR self meer verteenwoordigende funksies behoort te verrig, en dat daar 'n manier gevind moet word om baie van die SR se organiseringsfunksies aan nie-SR-lede (byvoorbeeld SR-bestuurders) af te skuif. Daar sal dan vanaf 2012-2013 een minder SR-lid in die oop verkiesing verkies word.

**Termyn van die SR (artikel 20)** Die ampstermyn van die SR werk nie tans baie effektief nie. Eerstens gaan bykans die helfte van die jaar vir SR-lede verlore weens die uitgerekte verkiesingstyd en die feit dat die SR nie voldoende kans kry om te beplan voor hul termyn begin nie. Dan is daar ook 'n ernstige tekort aan kontinuïteit tussen opeenvolgende Studenterade, en 'n mate van oorvleueling sou baie help om dit te verbeter. Verder, soos die verkiesings tans werk is daar nie die geleentheid vir studente wat vir Huiskomitee (HK) of Prim gestaan het, om dan vir SR te staan indien hulle nie verkies word nie, en anders om, en so gaan 'n hele aantal potensiële SR-lede verlore. Dus bepaal die nuwe Studentegrondwet dat die Studenteraad se termyn begin en eindig op die dag van die laaste Universiteitsraadsvergadering in die betrokke jaar, wat gewoonlik laat in November plaasvind. Dit sal vir die SR ten minste ses weke gee om behoorlik vir die komende jaar te beplan, bestuurders en komitees aan te stel, en te leer by die SR-lede wat steeds hul amp beklee. Dit beteken ook die SR-termyn skakel in by die besluitnemingsiklus van die Universiteitsbestuur, sodat SR-lede wat op komitees en statutêre liggame van die Universiteit dien, dit vir 'n volledige kalenderjaar doen.

**Kernfunksies (artikel 21)** In die vorige SUG is daar geen onderskeid getref tussen die SR se belangrikste funksies en die ander verpligtinge wat daaruit vloeïe nie. Hierdie artikel tref daardie onderskeid, en die verpligte portefeuljies, ander pligte en ander bevoegdhede gee uiting aan hierdie kernfunksies.

**Verpligte portefeuljies (artikel 22)** Die noodsaaklikheid van die bestaan van meeste van hierdie portefeuljies is in die vorige SUG geïmpliseer. Nou word 'n aparte artikel daaraan gewy en is daar ook 'n beskrywing van die rol van hierdie ampsdraers. Twee nuwe portefeuljies word bygevoeg, naamlik dié van Beleidsamptenaar en Kommunikasie-amptenaar, wat in lyn is met die kernfunksies.

**Ex officio-lede (artikel 24)** In 'n audit van die verteenwoordigingsfunksies waaraan SR-lede hul tyd spandeer, is bevind dat die *ex officio*-lede uit die aard van hul posisies baie tyd aan verteenwoordiging spandeer. Dit laat hulle met min tyd oor om soveel verpligtinge op die SR self as die lede wat in die oop verkiesing verkies is, op hulself te neem. Dus is daar 'n aantal beperkings geplaas op die *ex officio*-lede om 'n meer eweredige verspreiding van verantwoordelikhede te verseker:

**Deursigtigheid en verantwoordbaarheid** Verskeie bepalinge is ingevoeg om die deursigtigheid en verantwoordbaarheid van die SR te verhoog. Dit sluit onder andere bepalinge in wat:

- SR lede verplig om kwartaallikse verslae te skryf en aan studente beskikbaar te stel,
- die SR verplig om haar program en begroting openbaar te maak aan die begin van die SR se termyn,
- die SR verplig om die agenda en notule van elke SR-vergadering betyds beskikbaar te stel, en
- meer versigtige nadenke vereis voor agendapunte by SR-vergaderings *in camera* hanteer word.

**SR-bestuurders (artikel 30)** Een van die belangrike behoeftes wat gedurende die proses na vore gekom het, is dat daar 'n groter skeiding moet wees tussen die SR se verteenwoordigings- en organiseringsfunksies. Hierdie artikel maak spesifiek daarvoor voorsiening dat die Studenteraad bestuurders kan aanstel om hoofsaaklik organisatoriese portefeuljies te bedryf sodat die SR-lede op verteenwoordiging kan fokus.

**Uitvoerende Komitee van die Studenteraad (afdeling 3.3)** Eerstens is die samestelling van die Uitvoerende Komitee effens gewysig sodat die Sekretaris van die SR op die UK moet dien, wat beteken dat die Uitvoerende Komitee voortaan uit ses lede sal bestaan. Verder is die beskrywing van die UK se pligte en bevoegdhede uitgebrei, en die teenwig dat die hele SR sekere UK-besluite moet goedkeur, is versterk.

**Evaluering (afdeling 3.5)** Die evalueringsproses bly dieselfde (die tydsraamwerk word aangepas by die nuwe SR-termyn) maar die samestelling van die Evalueringspaneel is gewysig. Die Speaker van Studenteparlement word 'n lid van die Paneel, sowel as nog 'n persoon op 'n

ewekansige wyse uit Studenteparlement aangewys. Dit versterk eerstens die Studenteraad se verantwoordbaarheid teenoor Studenteparlement en tweedens sal dit meebring dat iemand van buite die SR se strukture en direkte omgewing op die Paneel dien. Verder dien die lede wat deur die Vise-Rektor (Onderrig) tot die Paneel aangewys kan word, nou slegs in 'n adviserende kapasiteit op die Paneel. Die rede hiervoor is tweeledig – eerstens verminder dit die kans dat daar 'n konflik van belange by SR-lede kan ontstaan rakende hul verhouding met Universiteitsbestuur. Verder los dit 'n tegniese probleem op omdat die SG nie aan personeellede van die universiteit 'n effektiewe mandaat kan gee nie.

**Studenteparlement (hoofstuk 4)** Studenteparlement se bevoegdhede word versterk, onder andere sal Studenteparlement mosies van wantroue in SR-lede kan instel (onderhewig aan hersiening deur die Studentehof) en 'n breë lys van prioriteite kan bepaal waaraan die SR in hul beplanning en begroting moet voldoen. Hierdie bevoegdhede is onderhewig daaraan dat Studenteparlement haar eie Grondwet aanvaar, wat deur die Studentehof goedgekeur moet word.

**Studentehof (hoofstuk 5)** Die hoofstuk rakende die Studentehof is grootliks vereenvoudig, sonder om veel aan die substansie van die bepalings te verander. Die veranderinge wat wel aangebring is, is beoog om die toeganklikheid van die Studentehof te verbeter en die hoofstuk te vereenvoudig.

**Die *ex officio*-liggame (hoofstukke 6-10)** Hierdie hoofstukke handel oor die Akademiese Belangeraad, Primkomitee, Verenigingsraad, Militêre Akademie Studenteraad en Tygerberg Studenteraad. Eerstens het elkeen nou 'n grondwetlike mandaat wat hierdie liggame aan die Handves van Studenteregte verbind. Verder word die Studenteraad se bevoegdheid om hierdie liggame se eie grondwette en regulasies terug te verwys beperk na twee gronde, en is so 'n besluit ook onderhewig gestel aan appèl na die Studentehof.

**Verkiesings (hoofstuk 11)** Sekere kernaspekte van die algemene SR-verkiesing word onder hierdie hoofstuk vasgestel, terwyl die meer gedetailleerde bepalings rakende die SR-verkiesing nou in 'n bylae vervat is. Dit maak die Grondwet self korter en makliker om te lees

**Alternatiewe wysigingsproses (artikel 97)** Die nuwe Grondwet stel 'n alternatiewe proses daar waardeur die Grondwet gewysig kan word sonder dat die Studenteraad die wysiging eers moet goedkeur.

**Verpligte referendum (artikel 99)** Die nuwe Grondwet sal elke vyf jaar onder referendum kom word, waartydens alle studente sal kan stem vir die Grondwet om hersien te word.

**Weglatings** Die volgende is van die belangrikste bepalings wat weggelaat is. Dit is weglatings is om verskeie redes gemaak, maar in die meeste gevalle omdat die bepalings onnodig of irrelevant geword het, of omdat dit nou op 'n ander wyse in die nuwe konsep gedek word.

- Die verpligting op die SR om die mening van sekere liggame in te win onder art 9(1)(d)-(h) van die (ou) SUG. Eerstens is dit onduidelik na watter gevalle hierdie bepalings verwys, en tweedens dien die *ex officio* SR-lede op die SR deels om te verseker dat die mening van hul onderskeie liggame die SR bereik.

- Toewysing van pligte onder art 9(3) van die ou SUG. Die SR moet nou aan die begin van hul termyn 'n dokument beskikbaar stel wat aandui watter SR-lede vir watter funksies verantwoordelik is.
- Daar is weggedoen met die SR se beleidseenheid. Die konsensus was dat die SR makliker en meer effektief beleidskwessies kan aanspreek deur spesifieke kwessies aan spesifieke groepe of taakspanne te delegeer. Daar word steeds ruim (eintlik heelwat meer as onder die ou SUG) voorsiening gemaak vir beleid en die SR se verantwoordelikheid rondom beleid in die eerste konsep.
- Die detailbepalings oor die Primkomitee is weggelaat om daardie hoofstuk in lyn te bring met die ander hoofstukke wat handel oor *ex officio*-liggame en om vir die Primkomitee die ruimte te gee om daardie reëlings in hul eie Grondwet vas te stel. Een bepaling wat behoue bly is dat een van die verteenwoordigers van die Primkomitee op die SR die privaat studente-organisasies (PSO's) moet verteenwoordig, terwyl die ander een koshuise moet verteenwoordig.
- Die interne dissiplinêre komitee van die Studenteraad is weggelaat. Dit was nie uit die SUG duidelik wie hierdie komitee uitmaak nie, en die bevoegdhede daarvan, byvoorbeeld om SR-lede van hul pligte te onthef, was buitensporig. Die nuwe SG verplig wel die SR om die interne dissiplinêre proses daarvan in 'n SR-reglement te bepaal.
- Die afdeling oor studentemedia is weggelaat. Die bepaling rondom die oorsig van die Matie is uitgeskuif na 'n aparte reglement, en die ander bepaling het geen duidelike doel gedien nie. Verder was dit ook onduidelik waarom juis die publikasies wat genoem is, beskerming onder die SUG geniet.